Hoe om vuur met ’n vergrootglas te maak

Hierdie is ’n baie lekker aktiwiteit vir jonger kinders. As hulle eers met die vergrootglase begin speel, kan hulle nie daarmee ophou nie.

? Stappe

1. Versamel droë gras, dun en dik stokkies.
2. Gebruik klippie om ’n veilige vuurmaakplek in te rig.
3. Plaas die droë gras in die middel.
4. Gebruik ’n vergrootglas om die gras aan die brand te steek.
5. Draai die vergrootglas so dat daar ’n klein gekonsentreerde kolletjie sonlig is.
6. Hou die vergrootglas stil. Wees geduldig.
7. Daar sal ’n rokie begin trek en klein kooltjies vorm.
8. Blaas liggies om ’n vlammetjie te kry.
9. Pak nou dun stokkies op totdat die vuurtjie lekker brand.
10. Plaas dikker stokkies op.
11. Nou is die vuurtjie gereed om te gebruik.

Video

Vegrootglas.avi

☺ Wenke

1. Maak seker dat die plek waar hulle vuur gaan maak veilig is.
2. Hou water byderhand.
3. Doen hierdie aktiwiteit in die middel van die dag as die son lekker warm is.
4. Koop vergrootglase by Experilab, Crazy Store of speelgoedwinkels.
5. Hulle moet vooraf genoeg stokkies versamel vir die vuur. ’n Vuur mag nie alleen gelos word nie.
6. Braai malvalekkers op die vuur.

☠ Waarskuwings

1. Party kinders raak moedeloos as hulle gras nie vinnig aan die brand slaan nie. Waarsku hulle dat geduld nodig is.
2. Maak seker dat hulle nie die vergrootglas gebruik om mekaar te brand nie.
3. As hulle enige van die reëls oortree, word die vergrootglase weggeneem.